View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Boekbespreking

**Phelbs, A. S.: Speaking in Public.** Baker Book House, Michigan, 1958, prys 3.50 dollars.

„To stand before an expectant audience . . with nothing to say or, which is as unfortunate, with much to say and without the ability to say it is one of the most embar-

reeds ervaar. „Speaking in public is the most difficult of all arts, perhaps because it is the most valuable"—dit besef die openbare redenaar maar al te goed. „Talk is the mightiest force in the world"—dit het groot redenaars in oormate reeds ervaar; dit sal ook die getuienis wees van onderwysers, dosente, predikante, radio-omroepers, politici, advokate, prokureurs, akteurs en almal wat geroepe is om die woord in die openbaar te voer. „Make it your aim not to do well, but to do good", is die raad van die outeur. Die doel met die studie van die kuns van openbare redevoering is in eerste instansie om die mensdom te dien, en in tweede instansie die vorming van die persoonlikheid.

Gedurende die afgelope aantal jare het 'n hele aantal publikasies oor die kuns van openbare redevoering die lig gesien. Die werke van Bennett, Borden, Bryant, Carnegie, Cornelius, Freeman, Gulian, Hayworth, Henderson, Murray, Rich, Storey, Thurburn en andere het reeds die weg gebaan vir groter sukses vir diegene wat hierin belang stel.

Phelps se werk is 'n verdere en waarde-

redevoering, die plek wat dit in die moderne lewe inneem; die toerusting van die redenaar; die spreker se verhouding tot sy gehoor; gehore en hulle reaksies; voordrag; temas en hul hantering, en dies meer. Waardevol vir die student is die lang lys vrae en die bibliografie aan die end van die boek.

Hierdie werk behoort bestudeer te word deur almal wat die gemeenskap met die gawe van die spraak wil dien. „The speaker that sincerely serves his audience will make them feel, when he dismisses them, that they owe him a debt of gratitude greater than they can pay. Every such speech is an epoch in a hearer's life" (32).

E. A. VENTER.